

Skriflesing: 1 Konings 5:12 – 6:7, 37-38; Efesiërs 2:19-22; 1 Petrus 2:4-10

Teks: **1 Konings 6:7**

Sing: **VOORAF SANG- Ps. 73:1,7**

TYDENS EREDIENS - Ps.118:11; Ps.119:61,62; Ps.74:4; Ps.100:1-4

1 Konings 5:12 – 6:7, 37-38

1Ki 5:12 Die Here het aan Salomo wysheid gegee soos Hy belowe het. Daar was 'n goeie verhouding tussen Hiram en Salomo, en hulle het 'n verdrag gesluit.

1Ki 5:13 Koning Salomo het vir die hele Israel dwangarbeid ingestel en so 'n arbeidsmag van dertig duisend man bymekaargebring.

1Ki 5:14 Hy het om die beurt elke maand tien duisend na die Libanon toe gestuur, sodat hulle elkeen een maand op die Libanon was en twee maande tuis. Adoniram het beheer gehad oor die dwangarbeid.

1Ki 5:15 Salomo het sewentig duisend draers en tagtig duisend klipkappers in die berge aan die werk gehad,

1Ki 5:16 behalwe nog die drie duisend drie honderd opsigters oor die werk, wat moes toesien dat die arbeiders die werk doen.

1Ki 5:17 Die koning het beveel dat hulle groot klip van goeie gehalte moes uitkap, sodat die fondamente van die tempel met gekapte klip gelê kon word.

1Ki 5:18 Die bouers van Salomo en van Hiram en die mense van Gebal het dit verder reggekap en dan die hout en die klippe reg gesit vir die bou van die tempel.

1Ki 6:1 Vier honderd en tagtig jaar nadat die Israëliete uit Egipte getrek het, vier jaar nadat Salomo koning van Israel geword het, het hy begin bou aan die tempel van die Here. Dit was in die maand Sif, die tweede maand.

1Ki 6:2 Die tempel wat koning Salomo vir die Here gebou het, was dertig meter lank, tien meter breed en vyftien meter hoog.

1Ki 6:3 Die voorportaal aan die voorkant van die tempel was tien meter lank, net so lank as wat die tempel breed was. Die breedte daarvan was vyf meter.

1Ki 6:4 Salomo het in die tempel vensters aangebring met kosyne en met traliewerk voor.

1Ki 6:5 Rondom teen die muur van die tempel het hy 'n platform gebou. Dit het om die mure van die voorste en die binneste heiligdom gestrek, en daarop het hy verdiepings gebou.

1Ki 6:6 Die onderste verdieping was twee en 'n half meter breed, die middelste drie meter en die derde drie en 'n half meter. Hy het die tempelmuur so gebou dat dit aan die buitekant regoor elke verdieping nouer was as regoor die vorige, sodat hy nie nodig sou hê om die verdiepings in die tempelmuur self vas te bou nie.

1Ki 6:7 Vir die bou van die tempel is klaar gekapte klip uit die groewe gebruik. Daar was geen geraas van hamers, beitels of enige ander ystergereedskap by die tempel toe dit gebou is nie.

1Ki 6:37 Die fondament van die huis van die Here is gelê in die vierde jaar, in die maand Sif,

1Ki 6:38 en die tempel met al sy toebehore en sy hele inrigting is voltooi in die elfde jaar, in die maand Bul, die agste maand. Hulle het sewe jaar aan die tempel gebou.

Efesiërs 2:19-22

Eph 2:19 Julle is dus nie meer ver van God af nie, nie bywoners nie, maar medeburgers van die gelowiges en lede van die huisgesin van God.

Eph 2:20 Julle is 'n gebou wat opgerig is op die fondament van die apostels en die profete, 'n gebou waarvan Christus Jesus self die hoeksteen is.

Eph 2:21 In Hom sluit die hele gebou saam en verrys dit tot 'n heilige tempel vir die Here,

Eph 2:22 in wie julle ook saam opgebou word as 'n geestelike huis waarin God woon.

1 Petrus 2:4-10

1Pe 2:4 Kom na Hom toe, die lewende steen, wat deur die mense afgekeur is, maar deur God vir die ereplek uitverkies is.

1Pe 2:5 Laat julle as lewende stene opbou tot 'n geestelike huis, om 'n heilige priesterdom te wees en geestelike offers te bring wat deur Jesus Christus vir God welgevallig is.

1Pe 2:6 Daarom staan daar in die Skrif: "Kyk, Ek lê in Sion 'n hoekklip, uitverkies vir die ereplek. Wie in Hom glo, word nooit teleurgestel nie."

1Pe 2:7 Julle wat glo, deel in hierdie eer, maar vir dié wat nie glo nie, geld die woorde: "Die klip

wat deur die bouers aengekeur is, juis hy het die belangrikste klip in die gebou geword"

1Pe 2:8 en: "'n klip waaroor 'n mens struikel en 'n rots waarteen jy jou stamp." Hulle struikel omdat hulle nie aan die woord gehoorsaam is nie. So het God dit ook vir hulle bestem.

1Pe 2:9 Julle, daarenteen, is 'n uitverkore volk, 'n koninklike priesterdom, 'n nasie wat vir God afgesonder is, die eiendomsvolk van God, die volk wat die verlossingsdade moet verkondig van Hom wat julle uit die duisternis geroep het na sy wonderbare lig.

1Pe 2:10 Julle was vroeër geen volk nie, maar nou is julle die volk van God. Julle het tóe geen barmhartigheid ontvang nie, maar nou het God aan julle barmhartigheid bewys.

Skriflesing: 1 Konings 5:12 – 6:7, 37-38; Efesiërs 2:19-22; 1 Petrus 2:4-10

Teks: **1 Konings 6:7**

Sing: **VOORAF SANG- Ps. 73:1,7**

TYDENS EREDIENS - Ps.118:11; Ps.119:61,62; Ps.74:4; Ps.100:1-4

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, vanoggend vat die Here se Woord ons terug na die tyd van Salomo. Dit is nog 964 jaar voor die koms van Christus. Alles lê nou byna 'n halwe millennium, 480 jaar na die uittog uit Egipte. Vir byna 500 jaar was die tempel van die Here nog steeds die konstruksie wat kan rondskuif. Iets soos 'n tent, van seil en robbevelle gemaak. Dis genoem die tabernakel, en daarbinne is die verbondsark geplaas. Israel wat Kanaän kon binnegaan het na al die tyd van rondtrek deur die woestyn nog steeds net 'n tent kon hê waarin die ark van die Here gestaan het. Die tent was daar in Silo, daar in daardie tent was Eli die eerste hoëpriester wat diens gedoen het, met sy seuns wat geen ouer op trots kan wees nie.

Toe kom daar byna 500 jaar na die uittog uit Egipte 'n koningskind, Dawid se seun op die troon. Die koning deur die Here met wysheid oorlaai. En die voorreg kom Salomo toe om vir die Here 'n tempel te bou, waar fondasies en klipwerk en bouwerk en argitekswerk deel van die tempel moes wees. Nie meer net 'n tent nie, maar agter hierdie nuwe tuiste van die verbondsark moes geskryf kon staan 'n argitektoniese wonder. Ons gaan vanoggend ook by hierdie tempelperseel stilstaan, en ons let veral op die volgende drie dinge- 1. Die stilte op hierdie tempelperseel. 2. Die verskuiwing in hierdie perseel. 3. Die bewondering van die tempel vandag. Saamgevat gaan dit oor stilte, oor verskuiwing, en oor bewondering.

Die stilte op hierdie tempelperseel

Broeder en suster, soveel mense het ons nog nie gelyk gesien werk nie. En duisende mense wat hamers en beitels en allerhande klip en hande gereedskap gelyktydig hanteer. Dit raas, en kap, letterlik dag na dag, sewe jaar lank, dat die vonke spat. Ons lees hulle getalle en hulle kapwerk, hulle drawerk, tagtig duisend klipkappers, sewentig duisend

klipdraers, drie duisend drie honderd opsigters. Hulle werk in hulle duisende verskillende skofte. En dit alles in die Libanon gebergtes, waar die klippe van die berge uitgehaal word, maar daar terwyl hulle nog in die berge is, begin hulle hierdie klippe al te kap tot die vorm van ‘n steen.

Ja, broeder en suster, nie maar net rof afgemete stene nie, maar stene wat reeds so gekap is, dat as hulle op die tempelperseel sou aankom, dan is dit stene wat klaar inpas. Die “Argitek” daar in die berge, maar ook op die bouperseel is niemand anders nie as die Here Self. Die afmetings van die tempel was alles goddelike getalle, die Here het Self presies bepaal, hoe lank, hoe hoog, hoe ver! Elk van hierdie duisende en duisende mense wat hier gewerk het, met miljoene en miljoene klippe moes heeltyd net met een saak in gedagte hou, ons moet kap en meet presies soos die Here dit wil hê. Die gehoorsaamheid wat die Here van ons vra sou ‘n saak wees, waarin selfs die klippe dit uitroep. Geen klip sou in die tempel geplaas kon word met ‘n maatstaf anders as wat die Here bepaal hoe daardie klip se mates moes wees nie.

Dit opsigself is al ‘n argitektoniese wonder, nie omdat die kappers en bouers so wonderlik was nie, maar die Argitek daar is wonderlik! En die wonderlike gryp nog dieper, geliefdes, want ons teksvers het ‘n ingrypende toedrag beskryf. Dit gaan oor die ysterlose tempelperseel... *Daar was geen geraas van hamers, beitels of enige ander ystergereedskap by die tempel toe dit gebou is nie.*

Die geraas en gekap moes in die berge plaasvind, maar daar waar die werk by die tempel plaasvind is daar ‘n tipe van stilte wat geen ystergeraas wou hê nie. Iets wat ons mag noem ‘n heilige stilte en rustigheid, moes rondom die tempel teenwoordig wees, selfs toe hulle nog besig was om dit te bou, om nie eers te praat van nadat dit reeds gebou was nie.

Hierdie afwesigheid van yster, broeder en suster, moet ons reeds baie vroeër in die Bybel raaksien. Toe Moses vir die Here ‘n altaar gebou het, staan in Exodus 20:25 dat jy *geen ystergereedskap daarvoor mag swaai nie, want dan ontheilig jy dit.* Yster het gedui op dit wat met oorlog gepaard gaan, bloedvergieting, ruwe geweld, dit wat hard is en raas, dit

wil die Here nie in die onmiddellike omgewing van die tempel gehoor het nie. Daar moet daar eerder gesing word, geoffer en aanbid word. Selfs toe Israel die land Kanaän ingetrek het en Josua bou in hulle nuwe land die eerste altaar lees ons in Josua 8:31 dat oor hierdie altaar is daar weer geen yster geswaai nie. Alles deel om nie die altaar te ontheilig nie, deel van ‘n gewyde stilte wat rondom die altare van die Here gehandhaaf moes word.

Daarom so amper 400 jaar nadat hierdie tempel gebou was, het Nebukadnesar Israel in besit geneem, en met Nebukadnesar kom die ysterlawaaier. Die digter van Ps.74:4 praat (ons het gesing-) *van die hamers het die houtwerk neergeslaan, hulle byle het geswaai, gekap, gekerwe, hulle ruwe hand die tempelskoon bederwe, verdelgingsvuur oor alles heen laat gaan.*

Kyk ons dan vanoggend na Salomo se tempel bouwerk, alles deel van die tempelskoon wat die Psalm van sing, dan gryp die stilte die binneste aan. Die klippe kom klaar gemeet, klaar gekap, die Sionsberg aan. Reg om net ingepas en ingebou te word. Dit kan sonder yster gedoen word, dit word stil gedoen. Die beplanning van die grote “Argitek”, onse Here, daardie werk is al klaar gedoen toe die klippe nog deel van die berge was.

Maar as ons vanoggend die pad van die klippe nog verder volg, hoër op as net die Sionsberge daar waar die tempel van klip gestaan het, dan kom ons by God se groot verskuiwing. Ons noem ons tweede gedagte dan ook –

Die verskuiwing van hierdie perseel

Die werk op die Sionsberg was al geweldig, die indruk van die stilte is oorheersend. Maar weet u geliefdes, die tempel en dit wat die Here met tempel bedoel, het ‘n geweldige verskuiwing ondergaan. Nie die verskuiwing van rotse wat klip kon word om uit die Libanongebergtes ‘n kliptempel op Sionsheuvel in Jerusalem te bou, met die argitektoniese wonders daaragter nie, maar by hierdie tempelwonder besef ons die kruiswonder.

Daar was ook stilte, drie ure duisternis het oor die wêreld kom hang, die enigste Verlosser wat daar vir die wêreld kon wees kon sy voete nie op klip of grond neersit nie. Hulle het Hom gekruisig, Hy hang tussen hemel en aarde, omdat die aarde Hom nie meer wil hê nie, en die hemele kon Hom nog nie ontvang nie. En na daardie stilte, toe Jesus sy laaste kruiswoorde uitspreek van *dit is volbring en in U hande gee Ek my Gees oor...* toe gebeur daar by die tempel die geweldige.

Nie maar net 'n verskuiwing nie, maar 'n verskeuring. Die swaar voorhangsel wat die allerheiligste van die tempel van die heilige afgesonder het, daardie gordyn skeur in twee, van bo- na onder. Die Here skeur sy tempel oop, sodat daar geen hindernis die mense meer kan keer om by die Here uit te kom nie. Dis 'n geweldige skuif, hierdie skeur wat die Here hier in die tempel inskeur, maar broeder en suster, die tempel het nie ophou bestaan nie.

Die tempel wat op God se woonplek wou dui, word 'n tempel nie met mensehande gemaak nie, dit word 'n baie groter wonder. Die tempel skuif na die mense, die mense, God se kinders word sy tempel. God wat die mens gemaak het, God maak die mens ook sy tempel. U liggaam word in besonder tempel van die Heilige Gees genoem (1Kor.6:19). Vroeër in Korintiërs, in 1 Korintiërs 3, is die mens alreeds die heilige tempel van God. Die konstruksie van hierdie nuwe tempel, sy samestelling, sy bindmateriaal, het nou 'n heel nuwe klem, 'n heel nuwe skuif wat die Here gemaak het, van die ou tyd se tempel na vandag se tempel. So kom ons by ons derde gedagte, dat ons hierdie verskuiwing wat God gemaak het, eintlik maar net kan bewonder.

Ons kom by die bewondering van die tempel vandag

Die samestelling van die tempel vandag is van so 'n aard dat God se nuwe tempel bestaan uit mense, lidmate. God verkies om in vleis en bloed, in ons te woon. Nie in 'n gebou wat met konstruksies van staal en yster, harde klip en koue yster aanmekaar gesit word nie. Nee!

God wil in die mens woon. In 'n sekere sin moet dit nog steeds iets wees waaroor nie yster geswaai is nie, die mens maak met yster mekaar so baie keer so seer. So baie dinge

word deur yster ontheilig. Die yster hier in die baie myne rondom ons gehaal het nie noodwendig altyd 'n goeie betekenis nie.

Dink maar net aan die ysters in die Here se skepping, as die mens sy hande op daardie ysterklip lê, die mense swaai hulle hande daaroor, dan maak die mens daarvan die geweldigste wapentuig, die verskriklikste masjinerie. 'n Leërgevegskool, baie myne wat spel dit uit. Yster op yster... Woude, die pragtigste van bome word deur ysters afgeswaai. Sou mens net uit die oog van natuurbewaring en rentmeesterskap kyk, julle moet die Here se skepping bewoon, bewerk en bewaar, en ons kyk na al die yster handeling, dan wil dit tog lyk die mens het deur sy yster swaaiery lankal reeds baie meer kwaad gedoen as goed.

En raak onself dan nou stil rondom wat die Here se eintlik tempel is, u en my liggame, dan is die “sement”, die bindmateriaal nie werklike materiaal nie, dit word 'n baie groter saak. Die Heilige Gees, Hy wat God is, bied Homself aan as die samebinding van God se kinders aan God Self, maar hierdie verbinding, dieselfde verbond bind ook gelowiges as 'n gemeente van God aanmekaar vas. Om aan God gebind te wees is om aan mekaar gebonde te wees. Mense wat nou ware broeders en susters vir mekaar moet wees.

Om werklik 'n broeder of 'n suster in die Here se kerk te wees, is nie maar net 'n goedkoop naam wat mense in die kerk mekaar noem nie, nee daartussen sit die Heilige Gees, daarbinne het Christus sy bloed laat vloei, dat ons kinders van God genoem kan word. Broeder en suster vir mekaar kon word. Die Here se bloed en die Here se Gees is die heilige “sement”, die heilige “bindmateriaal” wat die Here op die tafel vir ons gegee het om die geweldige bewondering by wat God se tempel is vandag weer by ons duidelik te maak.

As ons in bewondering reeds hierby kon stilstaan, dit wat die Here met u en my maak, dan kom ons eintlik verder as net 'n bewondering, ons word stil verslae...Broeder en suster, ons sien onself daardie rotse in die Libanonsgebergte in. Alle mense is soos rotse bymekaar, opmekaar gestapel, so volg die geslagte mekaar ook op, maar die Here

kom met sy uitverkiesing wat kapwerk en slaanwerk insluit, en nog voor daar enige rots in die gebergtes stukkend gekap is, weet die Here watter mense uit daardie gebergtes die materiaal kan wees waarmee die Here sy eintlike tempel, mee wil bou.

So bring die oopbreek van die rotse die klippe na vore en met daardie klippe en die geslaan op daardie klippe om hulle juis in vorm te kry en in pas te kry, sien ons die Heilige Gees se werkmethode op hierdie aardse bodem om u plek in die hemelse wonings reg te kry en klaar te kry. Daar waar Jesus is, daar is geen geestelike breekskade en breekplekke meer nie. Daar pas al God se kinders in, want God het hulle alreeds met die breekslae hier op aarde vir die hemele ingebreek.

Met hierdie besef verstaan ons nou waarom as die Here met mense werk, Hy woon in ons as mense, maar die kliptermie hou nie op nie. Jesus is die Rots waarop die kerk gebou moet word. Dit hoor Petrus (Matt.16:18) en Paulus vat die Rots nog verder, hy skryf in Efesiërs 2 dat die Woord van God, met die apostels en die profete is die fundamente met Christus Self as hoeksteen. Die hoeksteen is die sluitsteen waarop en waar rondom 'n hele gebou tot sluiting kom, want sou mens kyk na hoe daar in die ou tyd gebou is, dan sluit alles rondom die hoeksteen saam. Die hele gewig rus op spesifiek daardie steen. As jy daardie een spesifiek goed gevormde klip uithaal dan stort alles in duie. Daarom het die profeet Jesaja ookal in sy tyd die waarde van hierdie een spesifieke klip besef- *Kyk, Ek (die Here) lê in Sion 'n grondsteen, 'n beproefde steen, 'n kosbare hoeksteen wat vas gegrondves is...*

Hierdie steen waaraan die bouers veragtelik het 'n plek ontsê, dit het ons ook gesing- laat ons doen wat die Here vra- *laat julle ook soos lewende stene opbou, tot 'n geestelike huis, 'n heilige priesterdom...* In Christus die hoeksteen, moet ons geheilig word.

Heiligmaking kan niks anders wees as God se werk deur sy Gees om die skurwe plekke wat God vir jou reeds deur die pad van bekering begin uitwys het gelyk te maak nie. As God Self ons nie uit die rotse van sonde kom losruk het nie, sou niemand ons daar kon uithaal nie. Daarom broeder en suster, op hierdie pad wat God met u as sy tempel wil

loop, wees in uself 'n klipkapper. Mag u die skurwe punte van eiegeregtigheid, van eiewaan, wegkap om dit reg te kap. U weet deur die Heilige Gees in uself wat reg gekap en weggeneem moet word. Moet nie die hamer en beitel, die koevoet en gala van geloof laat lê en roes en stomp word nie. Werk aan u asof dit môre u beurt sal wees om na die Jerusalem daarbo opgevoer te word. Die stilte, die ewigheid, die rus wat u dan daar sal omsluit. Engelesang, en mensesang wat mekaar in harmonie ontmoet en die ysters van hardheid en seerkry is weg, agter u.

Wie hiermee 'n rotse-aard en rotse-geaardheid in sy verhardheid wil handhaaf en uself wysmaak aan my sal daar nie gekap word nie, geld die ander kant. 'n Te harde rots kan nie reg gekap word nie. Hoe harder die rots, hoe harder moet die hamerslae wees, en te harde slae is ongelukkig die punt waar die klip dan verbrokkel en in sulke stukkies opbreek waar daar niks mee gemaak kan word nie. Met versplinterde klippe kan daar nie mee gebou word nie. Dit word dan ook nie na die tempelberg opgedra nie, nee dit word teruggewerp in die steengroewe van ewige vergetelheid, want sulke mense is hulle van wie die laaste gesê sal word- hulle wou nie luister nie. Daarom het hulle hul teen die ewige vaste rots, Jesus Christus vasgeloop en hulleself op hierdie Rots verpletter.

Mag u daar waar u vandaan kom uself sien as God se tempel, deel van God se konstruksie, gebind deur die Heilige Gees, as geskik vir God se bouwerk . Die onuitspreeklike troos wat daar by u en my moet wees is om te weet u pas in, u pas in, in God se bouwerk.

AMEN